

# Kategeet werkblad: 23 Oktober 2011

---

## **Teksgedeelte:**

Openbaring 14:1-5

## **Agtergrond:**

Openbaring is aan verskillende gemeentes gerig, elkeen met hulle eie unieke uitdagings. Wat die gelowiges in gemeen het, is dat hulle onderdrukking beleef. Daar word sterk verwysings na Babilon gemaak en dat sy soos 'n vrou is wat die mense verlei, weg van God af. Dus kry al die mense swaar, almal ervaar verdrukking, party besef dit dalk net nie. Hierdie gedeelte speel voor God se troon af met 144 000 mense (die volle getal) wat deur die Lam uitgekies is en wat vlekloos voor God se troon staan. Hulle kan daar staan oor God hulle vrygemaak het, hulle is nie so oulik uit hulle eie nie. Hulle sing 'n lied saam om hulle te herinner aan God se genade en dat God almagtig is. Hierdie toneel speel af om vir mense wat verdrukking ervaar te herinner aan wie hulle voor God is. Al druk die wêreld kan hulle steeds aan die feit vashou dat hulle deur God vrygemaak is en Sy kinders is.

## **Verwagte uitkoms:**

Ons identiteit in Christus bind ons saam. Ons het altyd nodig om te onthou wie ons in God is, dat God ons vrygekoop het en dat ons vir Hom spesiaal is.

## **Aksie:**

### **Wat het ons in gemeen?**

Gebruik 'n witbord/blaaibord/papier en laat die klas dan al die dinge wat hulle in gemeen het daarop neerskryf (delf bietjie dieper, ons soek nie antwoorde soos: "almal het oë en hare" nie). Laat hulle so 5 minute daarmee besig wees. Daarna bespreek wat uniek aan elkeen is en maak ook 'n lysie daarvan.

## **Reviewing:**

Onthou met die reviewing vrae dat al die klasse nie noodwendig by al die vrae kan/gaan uitkom nie. Die jonger grade gaan moontlik net die Diamante en Harte bespreek. Onthou dat die aksie en vrae die boodskap van die erediens ondersteun en daarom kan daar weer hersiening gedoen word van wat tydens die erediens gebeur het. Die vrae word gegee as 'n riglyn om by bg. verwagte uitkoms uit te kom. Jy kan ook jou eie vrae gebruik. Gedeeltes in [hakkies] dui voorbeeld antwoorde aan, dit is in volwasse taal geskryf en kan nie net so aan kinders oorgedra word nie – jy moet dit jou eie maak!

### **Diamant vrae:**

- Die groep het tydens die oefening bespreek wat dit was dat hulle in gemeen het/nie in gemeen het nie.

### **Hart vrae:**

- Wat is die dinge wat maak dat jy vriende raak met iemand?
- Hoe voel jou vriendekring oor mekaar?
- Wat doen jou vriende wanneer iemand met een van julle lelik was?

### **Skoppens vrae:**

- Vertel vir mekaar wat gebeur wanneer mense belydenis aflê, soos vanoggend [hulle bevestig dat hulle deel is van hierdie gemeente, hulle bely dat hulle God se genade aanvaar, hulle sê dat hulle soos mense sal leef wat aan God gehoorsaam is]
- Wat is die dinge wat ons as 'n gemeente in gemeen het?

### **Klawers vraag:**

- Wat dink mense van God as hulle sien hoe sy kinders optree?
- Hoe sien God jou?